# 12 Junie 2023 - Lesing 46 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Heilsplan van God - Oersonde - Adam se val - Verlossing – 20/11/57

**NO: 6973** Die werk van verlossing was begin met die ontstaan van die skeppings in die heelal - dit was begin met die **binding van verharde geestelike substansie in die vorm,** dus met die ontstaan van materiële vorming wat eers self in hul substansie geestelik was en vervolgens ook geestelike substansies in hulleself bevat wat al ‘n sekere ontwikkelingsgang afgelê het.

Die eens van God afgevalle geestelike het hulleself so ver van Hom verwyder dat die krag van God hulle nie meer aangeraak het nie en het daardeur onbeweeglik en star geword, **hulle het hulself verhard**. En gevolglik was hulle in die besit van die teenstander van God en hy sou nooit sy gesteldheid verander het nie.

Die plan van God het egter daarin bestaan om aan die verharde geestelike ‘n moontlikheid te bied om ’n heerlikheid te bereik wat die vroeëre geluksaligheid by verre sou oortref. **God wou uit Sy “skepsele”, “kinders” vorm,** ‘n werk wat die skepsel egter self moes volbring. Die geskapene wat nou in vrye wil in opstand teen God gekom het en daarom eindeloos diep geval het, het nou hierdie moontlikheid gekry dat hy weer kan opklim tot sy rypheid en in volledige vrye wil dan die werk van die vergoddeliking tot stand kon bring.

Maar uit die diepste diepte moet hy opgehef word, omdat hy nie self in staat was om omhoog te klim nie, **omdat hy geen enkele krag meer besit het nie**. En hierdie hulp het God die gevallene verleen deurdat Hy **die skepping laat ontstaan het**, - dat Hy die verharde geestelike substansie gevolglik deur Sy Wil gevorm het tot skeppings van die mees uiteenlopende aard. En met hierdie skeppings begin sodoende die verlossing, oftewel die terugvoering van die geestelike na God. ‘n Opstyging tot ‘n sekere graad was vir die gevallene versekerd, omdat die goddelike Wil in die skeppings-plan beslissend is en God se teenstander **geen enkele invloed het op die geestelike wat in die skeppings gebonde is nie.**

So sou ook die vêrdere vooruitgang as mens verseker gewees het, indien die eerste mense getrou volgens God se ligte gebooie sou geleef het en teen die versoekings van die teenstander van God weerstand gebied het, waartoe die eerste mense, - Adam en Eva - ook die nodige krag besit het. Maar omdat hulle die reg gehad het om hul vrye wil te gebruik **en hulle hulleself deur die teenstander laat verlei het,** faal hulle en het nou die verlossingswerk vir die hele mensdom heelwat moeiliker gemaak as wat dit sou gewees het met die korrekte gebruik van hul wil.

Die mense wat na hulle gekom het, was nou aansienlik verswak deur die sonde van die eerste mense, **Hulle het nie meer die krag besit wat die eerste mense tot hulle beskikking gestaan het nie,** hulle het dus die las van hierdie sonde gedra en die teenstander van God het ‘n groot werk volbring: Hy het hierdie laaste doel van die mense - die eens gevalle oergeeste wat vergoddeliking sou kon bereik, - in gevaar gebring.

En daarom bring God weer opnuut hulp. **Hy stuur Sy Seun na die aarde,** d.w.s. ‘n hoogste Ligwese aanvaar die weg oor die aarde om as mens die voorwaarde te vervul wat die eerste mense onvervuld gelaat het, waardeur hulle skipbreuk gelei het. Die “Mens” wou daardeur alle mense uit hul toestand van swakheid bevry, Hy wou dit weer vir hulle moontlik maak om vergoddeliking te bereik.

Dit was die Mens JaHshua in Wie die goddelike Liefde Self Haar intrek geneem het - die Vader - Wie Sy kinders wou help om vry te word van die teenstander, sodat hulle na Hom kon terugkeer. Hy stuur Sy Seun na die aarde, ‘n Wese, Wie ook uit Sy skeppende Krag voortgekom het en wat ‘n menslike omhulsel moes betrek **om nou eers vir die ewige Gees van God tot houer kon word, Wie in hierdie menslike vorm vir Sy skepsele verlossing wou bring.**

Weer bly egter die vrye wil van die mens die deurslaggewende faktor. **Want nou moet hulle hulleself vir die goddelike Verlosser JaHshua die Messias uitspreek en Sy verlossende hulp aanneem**, as hy die doel wil bereik, die verenging met God, die kindskap van God, wat ‘n toestand van hoogste volmaaktheid en hoogste geluksaligheid is. Al die gevallenes kan die hoogste vlak bereik, omdat daar deur die verlossingswerk van die Mens JaHshua bewys gelewer is dat die wil van die mens weerstand kan bied aan sy teenstander en doodsvyand, **dat die krag om te weerstaan die liefde is,** wat elke mens in homself kan ontsteek.

En elke mens hoef slegs die bystand van die goddelike Verlosser te vra om dan ook as oorwinnaar van die dood tevoorskyn te kom, om nou die lewe te bereik wat slegs in die vereniging met God te vinde is - en dat dit ook die vrywording van God se teenstander bewys, wat homself steeds maar inspan om al die geestelike in die diepte - in die toestand van dood te hou.

Verlossing beteken dus die vry word van hom wat die dood in die wêreld gebring het, verlossing beteken die aanneming van die hulp van JaHshua Messias, want sonder Hom is die mens verswak **as gevolg van die oersonde en die sonde van sy stamouers**, wat eers gedelg was deur die dood van JaHshua Messias aan die kruis. Amein.